

Personeelkamer Opening

99. Die roos, die dorings

'n Sekere man het 'n roos geplant en dit gereeld versorg en water gegee. Voordat dit begin blom het, ondersoek hy die roos en sien 'n roos knoppie wat binnekort moet oopmaak. Hy sien ook die doring en dink by homself, "Hoe is dit moontlik dat 'n pragtige blom deel is van 'n struik wat belas is met soveel skerp dorings?" Baie bedroef deur die gedagte het hy nagelaat om die roos boompie verder te versorg en water te gee en voordat die roosknoppie kon oopgaan het dit gesterf van die droogte.

So is dit ook met baie mense. Binne elke siel is daar 'n roos. Die "God gegewe" kwaliteite wat by geboorte deel is van ons wat groei midde-in die dorings van ons foute. Baie van ons kyk na onself en sien slegs die dorings, ons tekortkominge. Ons raak moedeloos, want wat goeds kan daar uit ons voortkom? Ons versuim om die goed binne ons te versorg en water te gee en uiteindelik sterf dit. Ons besef soms nie die werklike potensiaal waartoe ons in staat is nie.

Sommige sien nie die roosknoppe binne hulself raak nie. Dit neem iemand anders om dit aan hulle uit te wys. Een van die grootste gawes wat 'n persoon kan hê is die vermoë om verby die dorings te strek en die roosknop binne ander te vind. Dit is die wonderlikste eienskap van liefde vir 'n ander persoon, om afgesien van hul foute die edelheid in hul siel te herken en hulle steeds te help om te besef dat hulle hul eie gebreke kan oorkom.

As ons aan hulle die roos wys dan is dit makliker om die dorings te oorwin. Slegs dan sal hulle veelvuldig blom. Ons taak in die wêreld is om ander te help deur aan hulle hul rose te wys en nie hul dorings nie. Dit is slegs dan wat ons, ons doel bereik om mekaar onvoorwaardelik lief te hê. Dan sal ons kan blom in ons eie blomtuin.

Geskryf deur Georgie Claassen van die Christus Volgeling Facebook Groep.